

PRESIDENT ZUMA en dr Eloff *deel die verhoog*



Nuwe REKTORE
neem die
tuig op

As Koning en
KANSELIER
dien hy



Voorblad

Agter van links is prof Herman van Schalkwyk, Rektor van die Potchefstroomkampus, prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus, en prof Thanyani Mariba, Rektor van die Vaaldriehoekkampus. Voor is dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU.

Inhoudsopgawe

Redaksioneel

- 4 Geniet die dubbeldosis-leeslekkerte
- 5 Hulle kom van heinde en verre
- 6 Boodskap van die Visekanselier
- 7 Die NWU is steeds op die wenpad

Artikels

- 8 President Jacob Zuma en Visekanselier deel verhoog
- 9 Gelukkigies is nou NOG meer as die beswaardes
- 10 Kristina dink aan toeka se tyd
- 13 Eerste fase van die webwerf is die begin van groot dinge



Artikels

- 14 | Kampusnuus
- 16 | Alumni hou lekker opskop
- 18 | As Koning en Kanselier dien hy
- 20 | Hier skep hulle sokkerlegendes
- 21 | Sports Village spog met vierstergeriewe
- 22 | Profiel: Hy ploeg terug wat hy ontvang het
- 23 | Die einde is nog glad nie in sig nie
- 24 | Profiel: Sy is bestem vir groot hoogtes
- 25 | Profiel: Blind maar siende
- 26 | Nuwe rektore trap reeds duidelike spore
- 28 | Profiel: Alumnus woon en werk nou naby Dubai se duine



Artikels

- 30 | Vanwaar Tarentaal?
- 32 | Geveerde volk skrop nes
- 33 | Interkampus Sosiale Dag gee eenheid 'n hupstoot
- 34 | Totius verhuis na die Potchefstroomkampus
- 35 | Karre uit die jaar toet pronk langs die Vaal



Geniet die DUBBELDOSIS-leeslekkerte

Twee is eenvoudig beter as een. Dink maar aan Tweebuffelsmeteenskootmorsdoodgeskietfontein. En pasmaats soos links en regs. Op en af. Brolloks en Bittergal. Vinkel en koljander.

OOK WAT DIE alumni-tydskrif betref, is twee beter as een.

Uit die positiewe reaksie wat ons op die eerste uitgawe van die NWU & U gekry het, was dit duidelik dat net een alumni-tydskrif per jaar nie sou deug nie.

Daarom het ons besluit om voortaan 'n dubbeldosis-leeslekkerte vir ons lesers te gee deur twee uitgawes van die alumni-tydskrif per jaar te publiseer.

Ons lesers het ook fluks gereageer op ons versoek om voorstelle vir 'n nuwe naam vir die tydskrif te stuur.

Terselfdertyd was daar ook baie versoeke dat die huidige naam, NWU & U, behoue moet bly.

Nadat die redaksie die saak deeglik oordink het, het ons besluit om die huidige naam te behou.

NWU & U dui immers op die vennootskap tussen die Noordwes-Universiteit (NWU) en u, ons lesers. Om verwarring te voorkom, het ons die ontwerp van die mashoof op die voorblad net effens gewysig.

Terloops, so gepraat van 'ons' – daar is nou twee onse in ons pond, want die redaksie bestaan nou uit twee lede. Twee koppe is immers beter as een ... en tussen ons twee, Nelia en Marelize, was dit groot pret

om hierdie tydskrif vir julle saam te stel.

Ons nooi u graag uit om in hierdie halfjaar-uitgawe van NWU & U meer te lees oor die NWU en wat op ons kampusse in Mafikeng, Potchefstroom en Vanderbijlpark aan die gang is (p14-15).

Daar is byvoorbeeld die Dale Beighle-sentrum vir Dieregesondheidstudies op die Mafikengkampus wat wonderlike dinge doen, en duisende Rooipootvalkies wat jaarliks na 'n bloekomboom in Ventersdorp migreer. Op die Vaaldriehoekkampus is sport in die kollig.

Soos u seker reeds weet, spog die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus ook met nuwe rektore (p26-27), en ons het ook weer met alumni van ons onderskeie kampusse gesels (p24-25, 28-29).

Ons Visekanselier, dr Theuns Eloff het by die Joernalis van die Jaar-toekenning saam met President Jacob Zuma gekuier, en ons het by die enigmatiese Kanselier, Kgosi Leruo Moletlegi gaan aanklop (p18-19).

Terwyl ons so aan die gesels was met al die BBP's (Baie Belangrike Persone), het ons dit nodig geag om ook die President van Tarentaal, wat 'n jarelange verbintenis met die Potchef-

stroomkampus het, van nader te leer ken (p30-31).

Ons vertrou dat hierdie alumni-tydskrif vir u ure se leesgenot sal verskaf. Weereens baie dankie vir die wonderlike terugvoer en ons sien uit daarna om weer van u te hoor. Gesels weer volgende keer!



Redaksionele span: Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse, Gloria Edwards.

Bladuitleg en drukwerk: Infoworks, Klerksdorp.

NWU & U word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudingsdepartement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë wil hê, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht.

Vertaling: Willie Cloete, Karien Brits, Marietjie Delpoort, Wilna Liebenberg.

Vir verdere navrae/korrespondensie: Nelia Engelbrecht - Tel (018) 299 4937 Faks (018) 299 4910

Fotografie: Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse, Gloria Edwards.

Hulle kom van HEINDE EN VERRE

WAT 'N VERRASSING was dit nie om van ons alumni te hoor nie. Ons het dosyne briewe per e-pos en selfs hand- geskrewe briewe ontvang. Van hulle kom so ver as Bloemfontein, Pretoria, en selfs oor die water van Nieu-Seeland af. Ons deel graag van die kommentaar met julle.

Daar was 'n tyd na die same- smelting van universiteite – om die Noordwes-Universiteit te vorm – waarin ons maar taamlik onbetrokke gevoel het. Maar danksy die feit dat hierdie tydskrif ook op die Potchef- stroomkampus fokus en ons inlig oor die ander kampusse, stel ons steeds baie belang in wat daar aangaan. – *Sarel en Elizabeth Venter, Bloemfontein*

Dankie vir die eerste uitgawe van ons nuwe blad. Vir my as alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (BA, 1973) is dit aangenaam om die glansblad ter hand te neem. – *Adri van Staden, Wonderboompoort*

Ek het die nuwe alumni-tydskrif baie geniet en was besonder beïndruk met die versorging en korrektheid daarvan, want korrektheid is ongelukkig vandag nie meer vanselfsprekend nie, nie eers vir universiteite nie! – *Hennie Prins, Ventersdorp*

Dankie vir 'n alumniblad. Dit het my aangemoedig om 'n prysge- dig vir die Kanselier, Kgosi Leruo Moletlegi, die bul van die Bafo- keng, in Setswana te skryf. – *Nols Swanepoel, Kleinmond*

Baie dankie vir 'n interessante alumni-nuusblad. Wat van 'n paar maniere om papier (bome), tyd en geld te bespaar? Stuur slegs een eksemplaar per egpaar, skryf berigte in een taal met 'n opsomming daarvan in die ander taal, gebruik gehersirkuleerde papier in plaas van glanspapier. Gee ook in hierdie verband die toon aan! – *Piet van Heyningen, Stellenbosch*

Baie dankie vir die mooi tyd- skrif. Op p 25 noem u 7 Augus- tus 1940 toe die soldate-inval plaasgevind het. Ek was as kind daardie nag op die Kampus ... – *Linda Zaaiman, Hermanus*

Ek moet eerlik sê, die nuwe Universiteit is vir my vreemd ... 'n mens kan egter nie anders as om alles dop te hou om te sien waarheen dit gaan nie. – *Dries Klopper, Annlin*

Ek dink diep as ek oor manne en vroue soos FW de Klerk, Johan en Rina van Rensburg, dr Theuns Eloff en prof Annette Combrink lees. En ook as ek met verwondering oor nuwe name, soos die van Kgosi Leruo Molot- legi en ander lees. – *Neels Malan, Derdepoortpark*

Die alumni-tydskrif was 'n wonderlike verrassing, te meer omdat my geslag al effe buite die inhoud staan. Episodes soos toe die biblioteek aan die brand geraak het, staan my egter nog helder voor die gees... – *Frikkie Pretorius, Nylstroom*

Baie dankie vir hierdie skitte- rende eerste uitgawe van die alumni-publikasie: dit is uiters leesbaar. – *Stephen Giles, Kroonstad*

Wat 'n spogblad wat in my behoeftes as alumnus voorsien. Ek het die uitgawe ontvang en letterlik verslind. So mooi, so keurig, so ter sake. Hartlik geluk! – *Pieter Heystek, Montanapark*

Innige dank vir die kosbare terug- en vorentoe blik op die gebeure deur middel van die tydskrif. Ek het in Februarie 1939 as Mauryn Heila Boucher by Thaba Jah aangekom. Ons was 42 dames in die koshuis en daar was manstudente te kies en te keur. Ek is nou 88 jaar oud en wil dalk nog valskermspring ... – *Mauryn du Toit, Bela-Bela*

Dankie vir die nuusbrief. Dit was baie interessant om die nuutste nuus oor die Universiteit te lees. – *Santa van der Westhuizen, Garsfontein*

Ek het die nuwe tydskrif ontvang en dit is pragtig. – *Marlena Kru- ger, Nieu-Seeland*

Ek het gister die tydskrif in die pos ontvang. Hartlik geluk aan julle ouens met 'n pragstuk. Hou so aan. – *Johan van Rensburg, Robin Hills*

Stuur gerus briewe na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of faks dit na (018) 299-4910 of pos dit na Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak x1290, Potchefstroom, 2520. Ons hoor graag van julle!

Boodskap van die VISEKANSELIER

Dr Theuns Eloff

ONS HET oorweldigend positiewe kommentaar ontvang na die eerste publikasie van NWU & U in 2009 en is bly dat die NWU-alumni erns maak met hul alma mater.

Hoewel ons van die begin af besef het dat die 2010-sokkerentoesiasme ook die universiteitswese sou beïnvloed en ons die akademiese jaar moes aanpas om daarby in te val, sien ons hoe vinnig 2010 die halfpadmerk nader.

Ons is dankbaar om te berig dat dit steeds goedgaan by die NWU.

Ondanks die feit dat die nasionale matriekuitslae vir 2009 baie laat beskikbaar gemaak is en dit uiteraard die eerstejaartoelatingsproses beïnvloed het, kon ons wel die gestelde getalleteikens met goeie kwaliteitstude-
dente haal.

Ons eerstejaarsinname (kontakstude-
dente) vir 2010 was groter as waarop
ons gereken het, en die getalle by
die Mafikengkampus het beduidend
toegeneem.

U is waarskynlik ook daarvan bewus dat die NWU 'n nuwe tydvak in sy geskiedenis betree het met die onlangse aanstelling van twee nuwe kampusrektore.

Ook in alumni-verband is dit my voorreg om weereens vir prof Thanyani Mariba, Kampusrektor van die Vaaldriehoekskampus, en prof Herman van Schalkwyk, Kampusrektor van die Potchefstroomkampus te verwelkom.

Dit gaan goed

'n Oorsig van die onlangse prestasies van die NWU bevestig dat dit goedgaan met die instelling:

- Die NWU was nou drie keer na mekaar (in 2007, 2008 en 2009) die ontvanger van die PricewaterhouseCoopers se eerste prys vir korporatiewe bestuur.
- In 2008 wys die Nasionale Innovasiefonds die NWU aan as die mees innoverende universiteit in Suid-Afrika.
- Die NWU is die ontvanger van twee onlangse PanSAT-toekenninge: in 2008 as die hoëronderwysinstelling wat die meeste vir meertaligheid en nasiebou in die voorafgaande dekade bygedra het, en in 2010 as die wenner van die tolking- en vertalingskategorie.
- Ons het 'n uiters positiewe ouditverslag van die Hoëronderwyskwaliteitskomitee ontvang.
- Daarbenewens werk ons ook hard daaraan om die studente-ervaring op al drie kampusse te verbeter en doen ons baie om 'n gesonde en gebalanseerde studente-ervaring by ons studentekorps te verseker.
- Die NWU vaar goed op sportgebied en sport beklee 'n hoë posisie op die nie-akademiese agenda van die instelling. Die Mafikengkampus het by die prestasies

van die Potchefstroomkampus (USSA-kampioene in rugby, atletiek, netbal en karate) en die Vaaldriehoekskampus (USSA-kampioene in krieket in die B-afdeling) aangesluit toe die Sokkerinstituut in Desember die USSA-sokkertitel verower het.

- Daarby is daar vir 2010 en 2011 verdere ontwikkeling van die infrastruktuur op al die kampusse aan die gang wat neerkom op 'n investering van meer as R270 miljoen.

Wanneer 'n mens na die voorafgaande uiteensetting kyk, dui alles daarop dat 2010 se tweede helfte net soveel uitdagings as die eerste helfte gaan inhou.

Harde werk wag

Daar is nog baie werk wat betref die gedreweheid om ons kernbesigheid te bly verbeter. Dit geld vir die uitbou van die instelling se fokus op internasionalisering en streeksbetrokkenheid en die volgehoue verbetering van ons gehalteversekeringsprosesse.

Daarby bly die belangrike kwessies van transformasie en die bereiking van sosiale kohesie ook voortdurend op ons radarskerm.

Veels geluk

Ons is saam met die Mafikengkampus dankbaar dat hulle hierdie jaar hul 30ste verjaardag vier – hierdie feesviering bereik 'n hoogtepunt in die eerste week van Oktober.

Onmiddellik op ons agenda is die 2010 FIFA-wêreldbekertoernooi. Die Spaanse sokkerspan, wat allerweë as die beste sokkerspan ter wêreld gereken word, gaan tydens die toernooi in wêreldklasgehaltegeriewe op die Potchefstroomkampus tuis. (Lees meer hieroor op p21.)

Ten slotte is dit belangrik om u van harte te bedank vir u volgehoue ondersteuning en lojaliteit teenoor die NWU!

NWU-groete,



Die NWU is steeds op die wenpad

As 'n mens na 'n opsomming van die NWU se prestasies ten opsigte van sy kernbesigheid kyk, is dit insiggewend dat daar 'n sterk stygende prestasiekurwe oor die afgelope paar jaar is. Dit geld vir byna elke prestasie-aanwyser, soos sigbaar op die tabel hieronder.

	2005	2006	2007	2008	2009
Totale studente-inskrywings:	38 596	38 708	44 726	47 008	50 589
- Kontak	27 092	27 889	26 075	25 740	26 853
- Afstand	11 504	10 819	18 651	21 268	23 736
Voorgraadse slaagsyfer	78,8%	78,4%	79,5%	81,2%	83,6%
Graadverwerwingskoers	20%	25%	25%	26%	26,6%
Grade en diplomas toegeken	7 746	9 825	11 345	12 337	13 445
Meestersgrade toegeken	700	765	618	583	659
PhD's toegeken	85	110	124	100	123
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	326	361	376	503	452,5
NNS-gegradeerde navorsers	85	82	95	102	116
Totale navorsingsuitset	865	1 074	1 061	1 083	1 190
Totale inkomste	R1 133m	R1 272m	R1 436m	R1 671m	R1 827m
Surplus (herhalende items)	R54m	R63m	R66m	R82m	R58m
Personeelkoste/totale koste	52,5%	52,6%	50,1%	48,8%	49,8%
Selfgegenereerde inkomste	R384m	R453m	R542m	R644m	R647m
% van inkomste vanaf regering	43,2%	42,8%	39,8%	40,0%	41,5%
% van inkomste uit klasgeld	21,1%	20,2%	21,4%	20,3%	22,4%
Kapitaalluitgawes op opgraderings	R29,3m	R48,6m	R55,5m	R48,5m	R61,2m

President *Jacob Zuma* en Visekanselier deel verhoog

TYDENS DIE Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar-kompetisie in Maart vanjaar het president Jacob Zuma en dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, die verhoog gedeel.

Dr Eloff het ook van die geleentheid gebruik gemaak om 'n geraamde afdruk van 'n foto van die span Kodesa-onderhandelaars aan president Zuma te oorhandig.

Oorspronklike foto

Die oorspronklike foto hang in dr Eloff se kantoor en tydens 'n vorige besoek aan die NWU het president Zuma baie belang gestel in die foto wat hy daar gesien het.

Behalwe die kans om die foto aan president Zuma te oorhandig, het die prysuitdelingsfunksie boonop vir

die NWU driedubbele mediadekking meegebring.

Die Universiteit het die kompetisie geborg, die Visekanselier, dr Theuns Eloff, was een van die gassprekers tydens die prysuitdelingsfunksie en prof Henk Bouwman van die NWU se Potchefstroomkampus was betrokke by die TV-program wat die wenjoernalis gemaak het.

Carte Blanche-program

Die Joernalis van die Jaar, me Joy Summers, het vir Carte Blanche 'n program gemaak oor die moontlike gevare wat die spuit van DDT in huise inhou. Prof Bouwman van die navorsingseenheid Omgewingswetenskappe en Bestuur op die Potchefstroomkampus was een van

die wetenskaplikes wat hieroor navorsing gedoen het.

Tydens sy toespraak het dr Eloff gesê alle sektore – ook die regering, hoër onderwys en die media – behoort 'n balans te handhaaf tussen toerekenbaarheid en effektiwiteit aan die een kant en rekonsiliasie en transformasie aan die anderkant.

Onafhanklike media

“Ek glo dié geleentheid gaan juis oor die onontbeerlike rol van 'n onafhanklike media om die waarheid akkuraat weer te gee, terwyl hulle sensitief is vir die hart en siel van die land en sy mense.” Die Universiteit gaan weer volgende jaar die kompetisie borg, wanneer 'n Redakteur van die Jaar ook aangewys gaan word.



President Jacob Zuma (middel) is as die Nasionale Persklub se Nuusmaker van die Jaar aangewys. Dr Theuns Eloff, Visekanselier (regs), het tydens die prysuitdelingseremonie 'n foto aan hom oorhandig. By hulle is mnr Yusuf Abramjee, Voorsitter van die Persklub (links).



Prof Henk Bouwman (links) het in die Joernalis van die Jaar, me Joy Summers, (regs) se TV-program opgetree. Die program was oor die moontlike gevare van DDT.

BINNENSHUISE GEBRUIK VAN DDT KAN GEVARE INHOU

Prof Henk Bouwman was deel van 'n internasionale groep wetenskaplikes wat navorsing doen oor die moontlike gevare wat die gifstof, DDT, inhou wanneer dit binnenshuis vir malaria-beheer gebruik word.

Hoewel die landboukundige gebruik van DDT reeds in 1976 in Suid-Afrika verbied is, word DDT steeds in huise gespuit om malaria-draende muskiete te beheer.

Navorsing het bewys dat daar moontlik 'n verband is tussen die blootstelling van mense aan hoë vlakke van DDT en siektes soos kanker, diabetes, ontwikkelingsprobleme in fetusse en kinders, en verlaagde fertiliteit. Prof Bouwman se navorsing het spesifiek getoon dat DDT in borsmelk hoogs waarskynlik afkomstig is van kontak met DDT binne en rondom die bespuite huise, eerder as net van

voedsel, soos voorheen vermoed is.

Hoewel dié bevindinge gesien moet word in die lig van die groot getal mense wat jaarliks aan malaria sterf, moet DDT heroorweeg word as eerste uitweg om dié gevaar te bekamp.

Daar moet eerder na veiliger metodes gekyk word soos byvoorbeeld die gebruik van muskietnette en veiliger insekdoders om blootstelling van mense aan DDT te verminder.

Gelukkiges is nou NOG meer as die beswaardes

DIE NWU-PERSONEELLEDE wat glimlag word al hoe meer, terwyl die getal beswaardes afneem. Daarby blyk dit dat die werksomgewing een van die dinge is wat die personeel die breedste laat glimlag en dat die grootste toename in glimlaggende kollegas op die Mafikengkampus was.

Hierdie is van die feite wat na vore gekom het uit die derde Kultuur- en Klimaatopname wat aan die einde van verlede jaar deur die maatskappy What Works by die NWU gedoen is.


Die uitslag van dié opname was 28% gunstiger as die vorige opname s'n, met die grootste positiewe beweging sigbaar in die uitslag van die Mafikengkampus.

Hoe personeel dink en voel

Die kultuurkwosient – dit is hoe die mense by die NWU oor die klimaat en kultuur van die organisasie dink en voel – verbeter steeds. Dit is nou 63,3%, vergeleke met 58,3% in 2006 en 53,3% in 2005. (Dit moet natuurlik gelees word teen die aanvaarbare norm van 'n maksimum van 75%). Dit is ook die eerste keer dat al vier sake-eenhede se uitslag bo 60% is.

Die uitslag van die kultuurkwosient wys dat die Mafikengkampus die positiefste is (67,6%), gevolg deur die Potchefstroomkampus, die Institusionele Kantoor en die Vaaldriehoekkampus.

Wat personeelkategorieë betref, was die kultuurkwosient die hoogste onder die akademiese bestuur, gevolg deur die ondersteuningspersoneel, die ondersteuningsbestuur, en laastens die akademiese personeel.




Waarvan personeel hou

Die ses belangrikste areas wat gemeet is, was strategiese leierskap, werksomgewing, effektiewe organisasie, personeelwaardes en -houding, die bevoegdheid van die organisasie, en handelsmerk en beeld. Hierdie areas staan bekend as 'ankers'.

Die area waaroor die personeel die positiefste voel is hul werksomgewing (68,7%) en die area waaroor hulle die minste positief voel, is strategiese leierskap (56,4%).

Wat opval is dat die Mafikeng-deelnemers aan die 2005-opname klaarblyklik nie juis beïndruk was met hul werksomgewing nie. Tydens daardie opname het hulle net 39,7% toegeken aan dié area. Hierdie keer het die opname egter gewys dat die Mafikeng-deelnemers nou baie meer van hul werksomgewing hou. Die persentasie het meer as verdubbel – dit is nou 68,0%.



Wat personeel voorstel

In die afdeling met oop vrae kon deelnemers ook voorstelle maak. Van die voorstelle was dat die Universiteit nog selfs meer aandag moet gee aan:

- internasionalisasie
- uitkomstgebaseerde prestasiebestuur
- belyning tussen die kampusse
- balans tussen die Institusionele Kantoor en die kampusse
- konsekwentheid in die bestuur van mensehulpbronne
- onder-na-bo-transformasie
- die balansering van die drie kernbesigheidsdoelwitte (onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid)

Die uitslag van die opname is reeds aan die Institusionele Bestuur voorgelê en word in Junie aan die NWU-Raad voorgelê. Hulle sal die bevindinge van die opname in ag neem vir hul strategiese beplanning vir volgende jaar.



Kristina dink aan



Die Mafikengkampus vier vanjaar sy dertigste bestaansjaar. Ons het me Kristina Travis, Hoof van die Kampussektariaat en -argief, gevra om haar herinneringe met ons te deel.

TOEKA SE TYD

ME KRISTINA TRAVIS, Hoof van die Kampussekretariaat en -argief op die Mafikengkampus het dit alles meegemaak. Sy is 'n getuie van die wel en wee, die prestasies en uitdagings van daardie kampus.

Kristina is aangestel slegs vier jaar ná die stigting van die Universiteit van Bophuthatswana in 1980, en het dus byna drie dekades van die Mafikengkampus van die Noordwes-Universiteit eerstehands ervaar.

Toe sy aangestel is as Senior Sekretarisessse van die Finansiële Kontroleur was professor John Makhene die Visekanselier.

“Wat my altyd sal bybly, is sy leierskapstyl. Hy was nooit bang om 'n besluit te neem nie, al was dit ongewild. Hy het nooit gehuiwer nie, en sy gesag is gerespekteer,” sê sy.

Klein begin

Toe Kristina daar begin werk het, was haar personeelnommer 768. Sy was met ander woorde die 768ste persoon wat aangestel is. Tien jaar later, in 1994, het die werknemertal byna verdubbel tot 1 441.

Kristina onthou dat die doserende personeel destyds 'n mengelmoes van nasionaliteite was. Hulle het van lande soos die VSA, Kanada, Italië, Brittanje, Rusland, Ghana, Uganda en Ethiopië gekom. Baie was van Suid-Afrika, wat in daardie stadium amptelik as 'n ander land beskou is.

Die Kampus was maar klein in daardie dae. Die enigste permanente gebou was die Basisgebou, wat die

akademiese en ondersteuningspersoneel gehuisves het. Dié gebou het die ou biblioteek en twee lesinglokale ingesluit waarna verwys is as die ouditorium. Oral op die terrein was “portacamps” of tydelike geboue waarvan sommige as kantore en ander as lesinglokale gedien het.

Vinnige groei

“Sedertdien het heelwat nuwe geboue opgeskiet. Een van hulle was die Great Hall, wat in 1985 gebou is op inisiatief van sir Albert Robinson, die destydse Kanselier van die Universiteit.

Hy was 'n diplomaat en in 'n stadium die Sentraal-Afrikaanse Federasie se Hoë Kommissaris in Brittanje.

Hy het baie geld vir die Universiteit help insamel, onder meer vir die oprigting van die Great Hall. Die Robinson-kamer in hierdie gebou is na hom vernoem, as herinnering aan die groot rol wat hy gespeel het.”

Kristina onthou hoeveel beplanning dit geveg het om die kampusterrein en tuine uit te lê.

“Klaus Gensler was verantwoordelik vir die tuine, en hy het baie goeie werk gedoen. Hy was nogal 'n karakter en almal het hom geken. Somer of winter, maak nie saak nie, hy het altyd ‘lederhosen’ of leerbroeke gedra.”

En die studente in daardie dae?

“Ek dink nie die studente het veel verander deur die jare nie,” sê sy, “behalwe dat hulle meer geword het. Die vroulike studente is ook deesdae

baie meer modebewus as in die ou dae.” Sy onthou ook die hartseermomente. “In daardie dae het ons baie meer probleme met studente onrus gehad – daar was amper elke semester boikotte.”

In die afgelope 27 jaar het Kristina die gedaanteverwisseling van die Universiteit gadeslaan. Sy het gesien hoe die Universiteit van Bophuthatswana eers die Universiteit van Noordwes geword het, en later die Mafikengkampus van die Noordwes-Universiteit.

'n Nuwe instelling

Sy onthou die geboorte van die huidige Noordwes-Universiteit as 'n opwindende tydperk.

“Ek was gelukkig om deel te kon wees van die vergaderings wat die betrokke instellings gehou het voor die samesmelting tussen die Universiteit van Noordwes, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en die Vista Universiteit waarvan die personeel en studente geïnkorporeer is.

“Dit was fassinerend om te beleef: die moeilike onderhandelings, die toegewings en die kompromieë, die geleidelike vordering en die uiteindelijke skikking tussen die partye.”

Kristina het deur die jare onder nie minder nie as 12 rektore of visekanseliers gedien.

Teen dié tyd ken sy die instelling nie net deur en deur nie; sy ken sy hart. Ja, sy kom al 'n ver pad met die Universiteit. Maar die Universiteit kom ook al 'n ver pad met Kristina Travis.

VIERINGE BEHOORLIK OP DREEF IN OKTOBER

Die dertigjarige vieringe op die Mafikengkampus sal in die eerste week van Oktober 2010 behoorlik op dreef kom.

Dan gaan die Kampus onder andere sy alumni verwelkom en erkenning gee aan die pres-teerders onder hulle deur Goue Luiperd-toekennings aan hulle te oorhandig tydens 'n galadinee.

'n Boekie oor die Kampus se geskiedenis sal ook by daardie geleentheid bekendgestel word.



Hierdie foto is in 1985 geneem. Agter in die middel is die ouditorium, met die onvoltooide kafeteria/administrasiegebou voor aan die linkerkant.



So lyk die Mafikengkampus se biblioteek nou.

SÓ HET DIT GEBEUR

- 1980 - Die Universiteit van Bophuthatswana word gestig.
- 1994 - Die Universiteit van Bophuthatswana word deel van Suid-Afrika se Onderwysdepartement en die instelling se naam verander na die Universiteit van Noordwes.
- 2004 - Die Noordwes-Universiteit kom tot stand uit die samesmelting van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Noordwes, en die inkorporering van die personeel en studente van die Sebokeng kampus van die voormalige Vista-Universiteit.



Van 1989 tot 1998 was me Kristina Travis (middel, agterste ry) Hoof van die Sekretariële Opleidingseenheid. Hier is sy saam met een van die groepe kursusgangers. Hulle is agter van links mee Maria Ramookho (tans by Mensehulpbronne), Tebogo Mokawane (tans by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe), Sedie Ngakantsi (tans by die Komiteesekretariaat), Kristina Travis, *Sophy Mothibedi en *Womba Mwaba. Voor van links is mee *Boitumelo Matjie, Jacky Mosedi (tans by die Sokkerinstituut), Maggy Medupe (tans by die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe), en *Masabata Selepa. (*Nie meer by die NWU nie).

Eerste fase van die webwerf is die begin van groot dinge



Me Gloria Edwards, Webinhoud-bestuurder, was aan die stuur tydens die ontwikkeling van die eerste fase van die NWU se nuwe webwerf.

MOOI SO!

Dit lyk of internetgebruikers baie in hulle noppies is met die NWU se nuwe webwerf. Hier is van die kommentaar:

- “Ek het nou net ‘n ongelooflike ervaring gehad. Vir die eerste keer sedert my verbintenis aan die NWU, kon ek iets opspoor op die webblad deur van ‘n trefwoord en die soekenjin gebruik te maak. Bravo!”
- “Ek wou iets op die webwerf nagaan en was absoluut betower deur die nuwe voorkoms. Dit is pragtig. En ek kan nie help om op te merk dat die kopie ook maklik lees nie. Welgedaan!”
- “Geluk! Die webwerf lyk so mooi! Ek dink julle het skitterende werk gedoen.”
- “Ek het op ander universiteite se webwerwe ingegaan en ons webwerf is by verre die gebruiker-vriendelikste!”

Die eerste fase in die ontwikkeling van die NWU se webwerf is pas afgehandel. Die doel met dié inisiatief is om dit vir gebruikers makliker te maak om inligting oor die NWU te vind.

DIT SOOS ‘N SKIP wat te water gelaat is. Die planne vir die skip is geteken, die bouwerk is voltooi, die reis het pas begin en die eindbestemming lê vorentoe en wag.

So kan ‘n mens die eerste fase van die NWU se nuutontwikkelde internet – wat aan die einde van Maart 2010 van stapel gestuur is – beskryf.

“Tydens die herontwikkeling van die NWU se webwerf het ons spesifiek aandag gegee aan goeie navigasie, gebruikersvriendelikheid en ‘n vars, moderne aanslag en voorkoms,” verduidelik me Gloria Edwards, die Webinhoud-bestuurder.

Die herontwikkeling is gedoen in terme van die inhoudsbestuurstelsel (tegniese stelsel) van die web, asook die inhoud en die voorkoms van die internet.

‘n Goeie begin

Omdat die totale projek so groot is, is

dit in verskillende fases aangepak.

Vir die eerste fase van die herontwikkelingsproses is alle amptelike, organisatoriese inligting herskryf en op die nuwe template gepubliseer. Dit sluit byvoorbeeld inligting soos studentestatistieke en roetekaarte in – met ander woorde inligting oor die Universiteit wat die publiek nodig het.

Daarby vorm groepe soos byvoorbeeld Gemeenskapsverbintenis, Tegnologie-oordrag en Navorsingsondersteuning en een fakulteit van elke kampus ook deel van die eerste fase. Die fakulteite is die volgende: Regte op die Mafikengkampus, Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus en Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus.

In die droogdokke

Gedurende fase een is oortollige of nie-relevante inligting verwyder of

na die NWU se personeel-intranet geskuif. Bestaande inligting is ook opgedateer en meer gebruikersvriendelik aangebied.

Die bestaande inligting het darem nie nou verdwyn nie. Skakels vanaf die nuwe interim bladsye neem internetgebruikers na die ou bladsye, waar die bestaande inligting steeds is. In die volgende fases van die herontwikkelingsproses sal hierdie inligting ook hersien word en op die nuwe template gepubliseer word.

‘n Opwindende reis vorentoe

Dit lyk of daar nog ‘n opwindende reis vir die NWU se webgebruikers voorlê. “Fase een was die begin van groot dinge – die projek gaan nog baie verrassings inhou,” sê Gloria.

Die volgende fases van die proses word reeds beplan, maar daar is nog nie spesifieke spertye daaraan gekoppel nie.

Mafikengkampus *spog met 'n eerste* in DIEREGESONDHEIDSTUDIES

MIN MENSE WEET dat die Dale Beighle-sentrum vir Dieregesondheidstudies op die Mafikengkampus die enigste voltydse BScAgric (Dieregesondheid)-program en die enigste residensiële program vir 'n Diploma in Dieregesondheid in Suid-Afrika aanbied wat deur die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad vir registrasie erken word.

Die groot Dieregesondheidskompleks huisves onder andere 'n moderne dierekliniek om die voorgraadse onderrigprogram te verbeter en groot diagnostiese en navorsingslaboratoriums om nagraadse studies te bevorder.

Nagraadse kwalifikasies sluit BSc Honneurs, MSc en PhD in. Die personeel bestaan uit vyf veeartse en tien paraveertse. Hul take sluit studente-onderrig, ondersoek, navorsing en gemeenskapsdiens in.

Die toerusting is uit die boonste rakke, en sluit 'n digitale X-straal-

masjien, ultraklank, operasieteatres, hospitaalhoekke en buitekampe in. 'n Bus met 22 sitplekke is beskikbaar

om personeel en studente te vervoer om siek diere op omliggende plase te behandel.



Die Dale Beighle-sentrum vir Dieregesondheidstudies het 'n moderne dierehospitaal op sy terrein om huisdiere en plaasdiere te behandel.

Biblioteek *baat* by Africana-skenking

DIE AFRICANA-AFDELING van die Vaaldriehoek-kampus-biblioteek brei stelselmatig uit en verteenwoordig 'n literêre en geskiedkundige kleinood van ontskatbare waarde.

In hierdie geslote afdeling van die biblioteek word boeke, wat as eerste uitgawes van geskiedkundige belang vir die onderskeie vakgebiede dien, bewaar.

'n Alumnus van die Vaaldriehoek-kampus, mnr Stef van der Walt, het onlangs 'n waardevolle skenking tot die Afrikana-afdeling gemaak. Stef is tans 'n risikobestuurder vir Absa.

15 000 valkies is *verstommende gesig*

DIERKUNDESTUDENTE van die Potchefstroomkampus het op 23 Januarie vanjaar sowat 15 000 Oostelike Rooipootvalkies getel wat jaarliks na 'n boom in Ventersdorp migreer.

Volgens prof Henk Bouwman van Dierkunde is die valkies, waaronder ook Kleinrooivalkies, aan die begin van die jaar 'n bekende gesig in die groot bloekomboom oorkant die NG-Kerk op die pad na Derby. Hulle arriveer teen skemer teen 'n koers van honderd elke twintig sekondes.

"Hierdie verstommende natuurverskynsel is die beste te sien tussen 18:00 en 19:30. Vanjaar was daar baie meer valkies as vorige jare," sê hy.

Verlede jaar het die Migrerende Rooivalk-projek 172 029 valkies getel.

Die Rooipootvalkies vlieg vanaf China en Korea en het een van die langste aaneenlopende migreerroetes van alle voëls.

Prof Henk Bouwman teen skemer by die bloekomboom in Ventersdorp waar die Rooipootvalkies slaap.



Twee gewilde personeellede vier hul dertig jaar-“herdenking”



Mnr Horst Bütow en me Christa Cloete.

MNR HORST BÜTOW en me Christa Cloete het in 1980 saam die Kultuurkantoor op die Potchefstroomkampus begin en in Februarie het hulle dertig jaar saam as kollegas gevier.

Horst is die hoof van die Kultuurkantoor en Christa is sy sekretaresse.

Saam was hulle verantwoordelik vir die opbouing van die departement wat vandag as PUK Kunste bekend staan.

Die twee het die kultuurverenigings op die Kampus onder hul vlerk

geneem en was die inisieerders van onder andere die kampustalentfees, eerstejaarskonsert en kultuurraad.

Horst en Christa se liefde vir die Universiteit en jongmense word weer speël in hul betrokkenheid oral op die Kampus.

Horst is tans die huispa van die dorpskoshuis, Thaba Jäh. Christa ken die Universiteit en sy mense soos die palm van haar hand. Sy het direk ná skool by die Universiteit begin werk, Horst is haar tweede baas en sy werk tans onder die sesde rektor.

Kampus vereer Ernest Pelaelo Lekhela met *gedenklesing*

DIE MAFIKENKAMPUS

het onlangs die Ernest Pelaelo Lekhela-gedenklesing aangebied, die tweede in 'n reeks lesings ter viering van die Kampus se 30ste bestaansjaar.

Die gedenklesing, aangebied deur prof Mafori Mphahlele, was om hulde te bring aan prof Lekhela wat deur middel van die Lekhelakommissie 'n enorme bydrae gelewer het tot die totstandkoming van die Mafikengkampus.

Prof Mphahlele was 'n student van prof Lekhela, wat 'n Raadslid van die voormalige Universiteit van Bophuthatswana was.

Prof Mphahlele het prof Lekhela beskryf as 'n groot denker en 'n goeie skrywer, 'n nederige man wat nooit uit voeling geraak het met gewone mense nie. Hy was eers 'n onderwyser, 'n skoolhoof en later 'n inspekteur voordat hy aangestel is as dosent by die Universiteit van die Noorde. Hy het by UNISA studeer en die volgende grade behaal: BA, BEd, MEd en DEd. Hy en dr Billy Manvate het ook die volkslied van Bophuthatswana gekomponeer.

Spiere en *danspassies* laat hulle **UITBLINK**

LIGGAAMSBOU EN DANS het die botoon gevoer op die Vaaldriehoek-kampus se jaarlikse sportdinee.

Mnr Wilfred Mandiza, tans een van die top vyf liggaamsbouers in die land, is vir die tweede agtereenvolgende jaar die Sportman van die Jaar. Me Motlalepule Sekete, ook 'n kranige liggaamsbouer, is as die Sportvrou van die Jaar aangewys. Die

Belowendste Sportman, mnr Mpondo Mbotho en Belowendste Sportvrou, me Roselinah Genu is albei deel van die Vaaldriehoek-kampus-dansspan.

Hulle het in 2009 geskiedenis gemaak deur die eerste dansspan op die Kampus te vorm én eerste op die Kampus te wees om aan 'n Universiteitsport Suid-Afrika (USSA)-toernooi deel te neem.



In die kategorie: Belowendste Sportman en -vrou het me Roselinah Genu en mnr Mpondo Mbotho skoonskip gemaak. Die gasspreker van die aand, mnr Bill Slater deel in hul vreugde.

Alumni hou lekker opskop

Alumni van die drie kampusse het al vanjaar lekker saam gekuier – party langs die koffiekant en ander oor 'n glasië wyn.

SOWAT 90 OUDSTUDENTE van die Potchefstroomkampus wat BCom Rekeningkunde, en Bedryfswiskunde en Informatika studeer het, het onlangs in Johannesburg byeengekom.

By dié saamtrek, wat deur die Kampus se alumnikantoor gereël is, het die Visekanselier, dr Theuns Eloff, hulle meer oor die NWU se skenkingsfonds vertel.

Hy het verduidelik dat fondse vir die NWU ook gewerf word deur Klub 1 000 en Klub 500 waar oudstudeerders R1 000 of R500 per maand vir vyf jaar aan die Universiteit skenk.

Dié fondse word in 'n Skenkingsfonds belê en die rente daarvan word teruggeploeg in die Universiteit.

Tydens dieselfde geleentheid het die Kampusrektor, prof Herman van Schalkwyk, met die alumni gesels oor die Kampus se prestasies en uitdaginge, asook sy visie vir die Kampus.

Tydens 'n ander geleentheid het die Alumnikantoor oudpersoneellede met 'n ontbyt by die visekanselierswoning trakteer. Dit was om dankie te sê vir

hul jarelange, toegewyde diens aan die Universiteit.

Die oudpersoneel het ook die nuwe Rektor van die Kampus, prof Herman van Schalkwyk, tydens die ontbyt ontmoet en die Visekanselier, dr Theuns Eloff, het vir hulle 'n kort oorsig gegee en verseker dat dit goed met die NWU gaan. Een van die gaste was die bekende Afrikaanse digter, prof TT Cloete.

Die Potchefstroomkampus se Wyn-gilde het ook al vier keer vanjaar in Potchefstroom glasië geklink.

Hulle het 'n groot verskeidenheid wyne geproe en gaan in Augustus whiskey en in September sjampagne proe.

Alumni aan boord

Oudstudeerders wat Ekonomie en Rekeningkunde op Vaaldriehoek-kampus studeer het, het in Mei byeengekom vir 'n gesellige kuier.

Dié vakgroepe verteenwoordig twee van die oudste akademiese dissiplines op die Kampus en tydens

die reünie kon verskillende generasies alumni saam kuier.

Van die ouer alumni het nog aan die "eerste" kampus in Goodyearstraat in Vanderbijlpark in die vroeë 1960's gegradeer. Ander was weer later deel van die Vaaldriehoek-kampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Tydens die geleentheid het die Kampus verskeie alumni vereer vir hul prestasies in die korporatiewe sektor sowel as hul betrokkenheid in hul onderskeie gemeenskappe.

Die volgende het toekennings ontvang:

- Dr Brendah Sekatane: Senior lektor in Ekonomie en 'n lid van die NWU-Konvokasie se Uitvoerende Komitee.
- Prof Heleen Janse van Rensburg: Senior lektor en vakhoof: Rekeningkunde, Vaaldriehoek-kampus. Sy is die 2009-wenner van die Institusionele Toekenning vir Onderrig-uitnemendheid (ITOU).
- Mnr Ettienne le Roux: Hoof-ekonomiese raadslid van Rand Merchant Bank.
- Prof Marius Stander: Professor in Bedryfsielkunde, Vaaldriehoek-kampus. Hy het 'n ere-toekenning vir diens aan die alumni-korps en die NWU-Konvokasie ontvang.

Studenteleier vereer

Gedurende die afgelope gradeplegtighede op die Vaaldriehoek-kampus het mnr Siphwe Mbatha, 'n alumnus van dié kampus, die gesogte Rektors-toekenning vir Uitmendheid in Studentelewe ontvang.

Dié toekenning word gemaak vir uitstaande diens en toewyding aan die Kampus en in besonder die studentegemeenskap.

Sephwe, wat tans by die Suid-Afrikaanse Brouerye werk, het in 2008 en 2009 as Voorstter van die Verteenwoordigende Studenteraad



Sal ons ou kennisse ooit vergeet ... Alumni Carol Mathibe (links), en prof Cingo Ndimiso (middel) gesels met prof Dan Kgwadi, Kampusrektor, tydens die onthaal wat vir Mafikeng-alumni gereël is.



Me Tumisang Rakhudu (links) en me Masego Makgahlela, alumni van die Mafikengkampus, geniet die byeenkoms in Centurion.



BWI-oudstudekte van die Potchefstroomkampus kuier saam met prof Riaan de Jongh, Direkteur van die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika. Van links is Jaco van der Walt, Thys Roodt, prof De Jongh, Jaco Smit en Wikus Duvenhage, 'n oud-SR-lid.

van die Vaaldriehoekkampus gedien en was ook Voorsitter van die NWU se Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad. Hy het 'n Hons BCom-grad in Ekonomie in 2009 behaal.

Mafikeng vier fees

Die Departement Bemaking en Kommunikasie van die Mafikengkampus het in Mei vanjaar 'n swierige dinee vir sowat 120 alumni van die Pretoria-omgewing in Centurion gehou.

Tydens dié geleentheid het alumni tot laatnag gekuier, terwyl hulle nuus en kontakbesonderhede uitgeruil het.

“Die galadinees is daarop gemik om groepe of ‘Chapters’ in die verskillende gebiede te vestig, en om met oudstudekte te netwerk en hulle aan te moedig om terug te ploeg in die Universiteit.

“Dit kan hulle doen deur betrokke te raak by sake wat verband hou met die ontwikkeling en vooruitgang van die Kampus,” het me Susan van Rooyen, Alumni-beampte van die Mafikengkampus gesê.

Prof Dan Kgwadi, die Kampusrektor, het die alumni uitgenooi na 'n byeenkoms op 8 Oktober 2010.

Hy het hulle gevra om intussen mede-alumni wat besondere prestasies behaal het, te nomineer, aangesien die alumni-presteerders tydens dié geleentheid Goue Luiperd-toekennings gaan ontvang.

Die toekenningsgeleentheid sal deel vorm van die res van die Oktobervieringe van die Kampus se 30-jarige bestaan.

Die volgende alumni-geleentheid word vir die einde van Junie in Nelspruit en die einde van Augustus, moontlik in Swaziland, beplan.




Vaaldriehoek-alumni Morena Tsotsetsi, (links) en Helmut Pienaar (regs) geniet die alumni-funksie saam met Annette Willemsse van die Departement Bemaking en Kommunikasie.



Oudstudekte wat Ekonomie en Rekeningkunde op die Vaaldriehoekkampus studeer het, het in Mei byeen gekom. Die geleentheid het 'n vloot-tema gehad en alles – selfs die gaskunstenaars, Navi Redd – het daarby aangesluit.

As *KONING* en *KANSELIER* dien hy



HY HET GROOTGEWORD in 'n familie wat daartoe verbind is om die publiek te dien. Dit is dus verstaanbaar dat Kgosi Leruo Molotlegi, die koning van die Koninklike Bafokeng-volk, sy verantwoordelikhede as die Kanselier van die Noordwes-Universiteit in 'n baie ernstige lig beskou.

Aangesien onderwyservorming sy hoogste prioriteit ten opsigte van die Koninklike Bafokeng-volk is, beskou hy sy posisie as Kanselier van die NWU as baie voordelig.

"'n Aktiewe verwantskap met 'n universiteit is 'n wonderlike manier om die uitdagings te verstaan wat die hele onderwysstelsel raak. Ek glo dat universiteite 'n belangrike rol in die opgradering van hierdie stelsel speel."

Waardevolle navorsing

Hy is ook opgewonde om verbonde te wees aan 'n universiteit wat deurlopend navorsing doen oor belangrike kwessies soos die wêreld ekonomie, klimaatsverandering en kernontwapening.

"Suid-Afrika speel 'n al hoe groter rol in debatte hieroor en die NWU se navorsingsuitsette, patente en ontdekings het die potensiaal om in dié tydperk in die wêreldgeskiedenis baie betekenisvol te wees."

Groot agting

Kgosi Moletlegi koester ook groot agting vir die Universiteit se diversiteit, die integrasie met die gemeenskappe waarin dit geleë is, en die Universiteit se strewe om 'n wêreldklas-universiteit te wees. "Die visie en missie van die Universiteit is baie ambisieus, die mense is baie vriendelik en die administrasie baie georganiseerd en proaktief."

Dit kom van ver

Die Koninklike Bafokeng-volk het reeds 'n lang verwantskap met die NWU. "Ek voorsien groot geleenthede vir deurlopende samewerking in die toekoms. 'n Voorbeeld hiervan is in terme van goed-opgeleide onderwysers wat opgewonde is om by landelike skole skool te hou. Ek sien

ook groot sinergie op die gebied van sport, aangesien die Bafokeng-volk die rol van sport in maatskaplike en ekonomiese opheffing al hoe meer beklemtoon."

Na aan die hart

Die welsyn van die Koninklike Bafokeng-volk lê hom baie na aan die hart. "Ek wil graag hê my bewind moet 'n konsekwente skakel vorm in die lang ry Bafokeng-dikgosi wat die gemeenskap met moed en visie gelei het, verandering verwelkom het en die belange van die mense te alle tye in ag geneem het.

Ek wil graag onthou word as iemand wat onderwys na die hoogste moontlike vlak gevoer het, en leierskap op alle vlakke in die gemeenskap geïnspireer het."

En wat is die eienskappe van 'n goeie leier?

Ken jouself

"Ek dink dit gaan hoofsaaklik daaroor om te weet wie jy is en waar jou sterk punte lê, en om op jou doelwitte te fokus. Geen leier kan sy of haar doelwitte egter alleen bereik nie. 'n Goeie leier moet toepaslike talent identifiseer, doeltreffende spanne bou en hulle motiveer om hul bes te doen."

Hoewel Kgosi Moletlegi vandag die leier van die Koninklike Bafokeng-volk is, het hy nie met daardie verwagting grootgeword nie.

Koningskap

"My kroning as Kgosi het in die konteks van 'n tragedie plaasgevind, want my pa en twee ouer broers is binne 'n tydperk van vyf jaar oorlede.

Op daardie tydperk was die oorweldigende gevoel een van verlies – ons het talentvolle, toegewyde manne verloor.

Ek het die skok van die situasie verwerk deur te dink aan maniere waarop ons die uitdagings waarteen die Bafokeng in die toekoms te staan sou kom, die hoof sou bied."

Aangesien daar nooit verwag is dat hy die Kgosi sou word nie, is hy op dieselfde manier as die res van sy

broers en susters vir die grootmens-wêreld voorberei.

Respek vir almal

"Ons het goeie skole bygewoon en geleer om alle mense te respekteer en om die kuns van besluitneming – selfs onder moeilike omstandighede – te bemeester."

"As kinders het ons geweet dat ons ouers belangrike verpligtinge teenoor meer mense as net die familie het. Ons moes byvoorbeeld leer om ons tyd en privaatheid in die openbare belang op te offer.

Onder apartheid was dit natuurlik selfs nog moeiliker, aangesien ons van ons pa en ma geskei is toe hulle vir 'n aantal jare in ballingskap was.

In die openbare oog

Ons ouers was baie in die openbare oog, en dit kan vir kinders moeilik wees. Dit het ons egter op ander maniere verenig en ons as familie nader aan mekaar gebring."

Sy broers en susters volg almal hulle eie loopbane, maar ruim tyd in vir gemeenskapsfunksies en om op hoogte te bly met die rigting wat die gemeenskap inslaan.

Die Kgosi se ma, me Semane Molotlegi, is baie bekend in Suid-Afrika en is 'n ambassadeur vir die Bafokeng waar sy ook al gaan.

Sy ooms aan vaderskant dien as tradisionele leiers en raadgewers, en sy familie aan moederskant as raadgewers.

Vir die toekoms

Ten opsigte van die NWU se toekoms hoop hy dat die Universiteit die moed sal hê om sy eie weg te baan as 'n leier in onderwys en navorsing.

"Ons moet oplossings vind wat in ons konteks sinvol is. Dit beteken nie dat ons nie van die nasionale en internasionale beste praktyk kennis moet neem nie, maar ons moenie die slawe van gewilde oplossings vir ernstige probleme wees nie.

Ons moet altyd bereid wees om selfstandig te dink en aan ons eie doelwitte getrou te bly. Dit is die resep vir doeltreffende leierskap."

Hier skep hulle SOKKERLEGENDES

NET DRIE JAAR nadat die Sokkerinstituut sy deure op die Mafikengkampus oopgemaak het, is dié kampus se sokkerspan gekroon as Universiteitsport Suid-Afrika se kampioene.

Hulle het dié prestasie in Desember 2009 behaal, nadat hulle in die 2008/09-seisoen reeds goed presteer het.

Gedurende dié seisoen het twee van die Instituut se spelers die o/20 nasionale span gehaal, drie die span van Universiteitsport Suid-Afrika, vyf die o/21-span van Universiteitsport Suid-Afrika, en drie die Metropolitan o/19-span.

Die Sokkerinstituut is in 2007 begin met die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Sokkerver-

eniging, Aartsbiskop Desmond Tutu, die Britse Premiersliga, die Britse Sokkervereniging en FIFA.

Daar is tans 56 studente by die Instituut en behalwe sokkerafrigting, kry hulle ook akademiese opleiding.

Hulle kan byvoorbeeld inskryf vir 'n B-graad van hul keuse of vir 'n driejaardiploma in Sportwetenskap.

Die plan is om naas die diplomakursus ook 'n sokkerspesifieke voor- én nagraadse kursus in sportwetenskap in te stel.

"Dit sal spelers help om ander sokkerverwante loopbane te volg," sê mnr Johan Govea, wat onlangs as


nuwe Direkteur van die Sokkerinstituut aangestel is.


Volgens Johan het die Instituut groot planne vir die toekoms, onder meer om hulle infrastruktuur uit te brei.

Dit sluit in nuwe sokkervelde, 'n hoëprestasie-gimnasium wat spesifiek op sokker fokus, en 'n sokkerdorpie wat kan voldoen aan die behoeftes van professionele spanne wanneer hulle tydens hul afseisoen daar oefen.

Hulle ploeg ook hul vaardighede terug in die gemeenskap.

Die Instituut speel byvoorbeeld 'n leidende rol om skolesokker te koördineer en gee ook opleiding aan afrigters, skeidsregters en administrateurs in die gemeenskap.





Sports Village *spog met vierstergeriewe*

DIE SPAANSE SOKKERSPAN was nou wel die eerstes wat in die Potchefstroomkampus se nuwe Sports Village oorgebly het, maar as alles volgens plan verloop, gaan nog baie internasionale sportsterre oor dié viersterdrumpel trap.

Prof Herman van Schalkwyk, Rektor van die Potchefstroomkampus het die gebou op 13 April 2010 onthul en gesê die kompleks simboliseer die Universiteit se verbintenis tot sport.

'n Groot voordeel

Een van die groot voordele van die Sports Village is dat dit naby die Potchefstroomkampus se Fanie du Toit-sportterrein geleë is.

Die meer as 1 000 internasionale sportlui van 30 lande wat jaarliks in die Europese buiteseisoen by die Universiteit oefen sal nou by die Sports Village kan tuisgaan terwyl hulle die topfasiliteite van die Universiteit,

onder meer die ENB- Hoëprestasie-instituut (HPI) met sy sportgimnasium, gebruik.

Die Spaanse Sokkerspan was baie in hulle skik met die Sports Village.

"Ons is baie tevrede met die hoë standaard van die fasiliteite," het hulle reisbestuurder, mnr Antonio Limones gesê.

Die Sports Village is reeds feitlik volbespreek vir die res van die jaar. Behalwe vir besoekers aan Aardklop, sal sportlui wat groot toernooie bywoon – onder meer netbal en gewigoptel – ook hier tuisgaan.

Volgens prof Annette Combrink, Direkteur: Internasionalisering en Fondswerwing by die Institusionele Kantoor, het die Sports Village reeds groot publisiteit vir die Universiteit besorg.

Die feit dat die Spanjaarde hier tuisgegaan het, het verskeie internasionale mediaspanne gelok, onder

meer TV-spanne van Spanje, China, en Duitsland. "Geld kan eenvoudig nie hierdie soort publisiteit koop nie," sê prof Annette.

Só lyk dit

Die Sports Village bestaan uit die volgende:

- Vyf identiese, losstaande blokke, elk met 16 dubbelkamers (32 beddens)
- 'n Restaurant met 160 sitplekke
- Twee konferensielokale
- 'n Kroegarea
- Drie mediese lokale wat deur fisioterapeute gebruik kan word
- 'n Verhitte swembad



Mnr Gaba Tabane, 'n alumnus van die Mafikengkampus, glo hoëronderrysinstellings moet die vryheid hê om innoverend te wees en idees te ontwikkel wat die wêreld 'n beter plek maak.

Hy *ploeg* terug wat hy ontvang het

MNR GABA TABANE is passievol oor die rol wat hoër onderwys speel om verandering in gemeenskappe te weeg te bring.

Geen wonder dus dat hierdie alumnus van die Mafikengkampus steeds noue bande met dié kampus het en moontlik weer as dosent daar betrokke gaan raak nie.

“As 'n opvoeder het ek die voorreg gehad om jare gelede klas te gee vir die MBA-studente van die Besigheidsskool op die Kampus en ek het myself onlangs weer daarvoor beskikbaar gestel vir volgende jaar,” sê hy.

Aan die spits

Gaba is die Besturende Direkteur van die Black Management Forum (BMF), 'n organisasie wat sosio-ekonomiese transformasie in die korporatiewe en openbare sektor in Suid-Afrika monitor en bevorder.

Daarby fokus hulle op die ontwikkeling van bestuurs- en leierskapsvaardighede onder veral jong mense uit voorheen benadeelde gemeenskappe. Die ontwikkeling van jongmense lê hom na aan die hart.

“Hoër onderwys moet vir studente genoeg inligting gee oor die stand van sake en hulle bewus maak van die uitdagings in die gemeenskap sodat hulle kreatiewe oplossings vir probleme kan vind,” sê hy.

Begin as dosent

Nadat hy in 1996 sy BCom (Hons) aan die voormalige Universiteit van Noordwes behaal het, het hy sy loopbaan begin as dosent op daardie kampus.

In 1999 het hy 'n MBA-graad aan die Clark-Atlanta Universiteit in die VSA behaal.

Kort daarna het hy vir die Provinsiale Regering van Noordwes begin werk, waar hy as Jeugkommissaris in die Kantoor van die Premier gedien het.

Sedertdien, totdat hy in 2009 by BMF aangesluit het, was hy Strategiebestuurder by Accenture en Hoof-Uitvoerende Beampte van Invest North West.

Hy sê hy was nog onlangs op die Mafikengkampus en het gereelde kontak met prof Dan Kgwadi, die

Rektor, wat in dieselfde tyd as hy op die Kampus studeer het.

Slypskool vir leierskap

Destyds, as studenteleier op die Kampus, is Gaba se siening van leierskap so geslyp dat dit hom vandag nog in sy korporatiewe leierskapsrol help.

“Dit is verbasend hoe eenvoudige foute wat 'n mens as jong studenteleier maak, later waardevolle lesse word. 'n Mens leer om daardie foute te vermy wanneer jy vandag belangrike korporatiewe besluite neem.”

Maar die korporatiewe wêreld is ligjare verwyderd van Mmakau, net buite Brits, en Hebron, noord van Pretoria, waar Gaba gebore is en grootgeword het.

Tussen die grootwordjare van destyds en die korporatiewe loopbaan van vandag het Gaba dit wat hy ontvang het op verskeie maniere teruggeploeg in die gemeenskap, onder meer deur die slyp van jong leiers.

Dit lyk ook asof die Mafikengkampus weer binnekort daarby gaan baat wanneer hy dalk weer as dosent daar betrokke gaan raak.

Die *einde* is nog GLAD NIE in sig nie

NOG IS DIT het einde niet. Dié spreekwoord geld beslis vir prof Annette Combrink, voormalige Rektor van die Potchefstroomkampus en vir prof Piet Prinsloo, voormalige Rektor van die Vaaldriehoekkampus.

Nadat prof Annette aan die einde van Desember 2009 afgetree het en prof Piet se reeds verlengde termyn as Rektor aan die einde van Augustus 2009 verstryk het, vertolk hulle nou splinternuwe rolle by die NWU.

Internasionale skakeling

Prof Annette se hoofsaak is om 'n institusionele internasionale kantoor vir die NWU te konseptualiseer en te vestig.

“Ek sal die NWU se internasionale skakeling institusioneel koördineer, fasiliteer en in sommige gevalle ook insisieër,” sê prof Annette.

Sy is besig om 'n opname dwarsoor die Universiteit te doen om vas te stel watter ooreenkomste en kontrakte met oorsese universiteite en ander instansies bestaan sodat die ooreenkomste op datum gehou kan word, en om 'n beeld te kry van die internasionale “verkeer” by die Universiteit.

Fondse vir die NWU

Daarby is sy ook verantwoordelik vir

institusionele bevordering (hoëvlak-fondsinsameling). Sy sal hoofsaaklik met die Universiteit se oudstudente skakel en op sake soos die Skenkingsfonds en testamentele bemakings konsentreer. “Alumni is welkom om my te kontak as hulle enige bydraes wil maak,” nooi sy.

Prof Annette koördineer ook verskeie ad hoc-projekte. Die besoek van die Spaanse sokkerspan aan Potchefstroom was juis een van dié projekte.

Sy sê haar nuwe werk is uitdagend en totaal anders as dit waaraan sy gewoond was.

Of sy haar rektorskap mis? “Ek het nog nie agtergekom of ek aan ont-trekingsimptome ly nie – ek was tot dusver nog te besig,” lag sy. “Maar dat ek die personeel en studente mis met wie ek saamgewerk het, dit is gewis.”

Nie meer 'n slaaf

Prof Piet sê hy is dankbaar om nie meer 'n slaaf van sy dagboek te wees nie. Sy hoofsaak is om belangrike ad hoc-projekte van die NWU te koördineer en te verseker dat dit met die Universiteit se Institusionele Plan belyn is en bydra tot die wese van die Universiteit.

Een van die projekte is om 'n boek te skryf oor die geskiedenis van die samesmelting en dus die geboorte van die NWU. Dit pas so reg in prof Piet se kraal, aangesien geskiedenis en veral die skryf van historiese publikasies sy passie is.

'n Ander belangrike projek is om die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus te help om naas die bestaande diplomakursus ook 'n graadkursus in te stel.

Deel van sy verantwoordelikhede is ook om skakel- en opvolgwerk te doen wanneer buite-instansies met die

NWU wil skakel, en die kontak met groot nywerhede te koördineer. Dié groot nywerhede dien as borge en donateurs vir die Universiteit, en werkverskaffers vir graduandi.

Studeerders doen ook praktiese werk daar.

Kundigheid vir die mense

'n Ander area waar prof Piet 'n onontbeerlike rol speel, is gemeenskapsbetrokkenheid.

Dit sluit die bemerking van die Vaaldriehoekkampus se kundigheid in die gemeenskap in, asook die koördinering van gemeenskapsprojekte om seker te maak dat dit ooreenstem met die doelwitte wat in die Institusionele Plan uiteengesit is.

Een van hierdie projekte is onder meer die Ikateleng-projek.

Dié projek is 21 jaar gelede in die omgewing van die Vaaldriehoekkampus begin en het tans 'n begroting van R1,5 miljoen per jaar. Die projek is daarop gemik om belowende graad 12-leerders voor te berei vir hul matriekexamens en die uitdagings van universiteitstudies.

Wanneer 'n mens kyk na die bedrywighede van prof Annette en prof Piet is dit duidelik: afskaal en stoepsit is nie deel van hulle planne nie ...



Prof Piet Prinsloo



Prof Annette Combrink

Sy is *bestem vir groot*



Alumnus Pulane Molokwane het geleer dat dit deursettingsvermoë verg om bo uit te kom.

**H
O
O
G
H
E
S**

AVONTUUR BRUIS IN me Pulane Molokwane se bloed. Sy hou van reis, bergklim en om nuwe dinge aan te pak.

Daarom pas haar werk as fisikus by Modulêre Korrelbedrektor (MKBR) in Pretoria haar soos 'n handskoen.

"Elke dag bied nuwe uitdagings, en dit dwing 'n mens om buite die boks te dink," sê sy.

Pulane, wat tussen 2000 en 2003 'n BSc en MSc in Fisika verwerf het aan die voormalige Universiteit van Noordwes, lewer insette binne die MKBR-Lisensieringspan, veral met betrekking tot die vertolking van die regulatoriese goedkeuringsproses vir kernveiligheidsvereistes in Suid-Afrika en in die buiteland.

"Ek moet baie lees om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelinge op die gebied van kernenergie. Ek woon ook soms besprekingsvergaderings by, en hersien en skryf kernvoldoeningsverslae."

Pulane is passievol oor die ontwikkeling van omgewingsvriendelike prosesse om die impak van die kernindustrie op die omgewing te beperk.

Geen wonder nie dat haar doktorsgraad – wat sy aan die einde van 2009 aan die Universiteit van Pretoria behaal het – gehandel het oor die vermindering van toksiese vlakke van swaar metale tot by veiliger of nie-toksiese vlakke.

Gelukkig is dit nie 'n geval van net werk en geen pret nie – sy hou ook van inkopies doen, om gimnasium toe te gaan, en om tyd saam met haar geliefdes deur te bring of vir hulle te kook.

Sy is nog enkellopend, en daarom speel haar naby familie – soos haar ma, Mmita – 'n baie belangrike rol in haar lewe.

Hoewel dit nou lyk of Pulane die wêreld aan haar voete het, het sy dit nie altyd maklik gehad nie. Sy weet

hoe dit is om met inspanning bo uit te kom.

Nadat sy haar BSc-studies (Biochemie) aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys weens finansiële probleme moes staak, het sy in 2000 by die Universiteit van Noordwes ingeskryf.

"Een van my mooiste herinneringe is die dag toe ek besef het dat dit tóg moontlik was om my studies voort te sit, al het ek nie in daardie stadium die middele daarvoor gehad nie. Dit het my die geleentheid gebied om my loopbaanpad te heroorweeg."

Volgens haar het die Universiteit haar nie net toegerus met 'n graad nie, maar haar ook belangrike lewenslesse geleer. Hoewel sy die Kampus jare laas besoek het, het sy steeds kontak met baie vriende uit haar studentedae. Trouens, sy oorweeg dit om haar postdoktorale studies aan die NWU te doen.

BLIND *MAAR SIENDE*

Mnr Hendrik Steyn, 'n lektor aan die NWU se Vaaldriehoek-kampus, inspireer almal met die manier waarop hy voluit lewe – sonder verskonings en sonder om simpatie te soek. Me Henriëtte Visser, 'n honneursstudent in Taalpraktyk aan die Skool vir Tale in die Fakulteit Geesteswetenskappe, praat met hierdie uitsonderlike jong man.

VOORDAT HY vir die onderhoud opgedaag het, kon hy nie sien of sy hare reg lê en of daar dalk 'n vlek op sy hemp was nie, maar toe hy die kamer binnekom, was hy heeltemal op sy gemak.

Trouens, toe hy kom sit, is ek die senuweeagtige een wat sukkel om my woorde agtermekaar te kry.

Toegewyd en nougeset

Sy kollegas beskryf hom as toegewyd en nougeset, en Hendrik Beltzasar Steyn (25) is die toonbeeld van 'n jong, ambisieuse man wat sy stempel op die wêreld afdruk.

Hendrik bou aan sy loopbaan, is verloof en hou baie daarvan om tyd in die buitelig saam met familie en vriende deur te bring.

Hendrik is ook blind.

Seuns bly maar seuns

Hendrik, wat beplan om vroeg volgende jaar met sy verloofde, me Jackie Matthews, te trou, praat opgewonde oor sy kinderdae in Ver-

eeniging. Hy was 12 jaar lank by die Pionierskool vir Gesiggestremdes in Worcester, waar hy "baie pret" gehad het.

Hendrik is gek oor avontuur en opwinding en verkies regatta-tipe kanovaart en fietsry. Hy hou vol dat daar slegs een ding is wat beter is as fietsry, en dit is motorbestuur. "Ek het al 'n hele paar keer bestuur," grinnik hy.

So lyk die realiteit

Dit is eers wanneer Hendrik oor sy studies en werk by die NWU begin praat, dat ek weer die realiteit van sy lewe as blinde persoon besef.

Hy was die eerste blinde student wat by hierdie kampus ingeskryf het, en is tans die enigste blinde dosent wat by die Universiteit in diens is. Hy doseer tans Taalpraktyk vir eerstejaar-, derdejaar- en honneursstudente.

Hendrik kan nie e-posse, boeke of ander studiemateriaal wat noodsaaklik is vir 'n akademiese loopbaan lees nie. Hy gebruik hoëtegnologie-

innoverings soos Optical Character Recognition- (OCR-) en Job Access with Speech- (JAWS-) skermlees-sagteware.

'n Passie vir ander

"As dit nie vir die ontwikkeling in tegnologie was nie, sou ek glad nie kon studeer nie," sê hy.

Hendrik het sy BA-graad in Tale en Taalpraktyk voltooi, asook 'n BA Honneurs-graad met simultane tolking as onderwerp. Sy passie om ander gesiggestremde mense te help, vorm die kern van die navorsingsprojek vir sy meestersgraad.

Hendrik glo dat baie meer in Suid-Afrika gedoen moet word om die blinde gemeenskap te akkommodeer.

"Die heel belangrikste verbetering wat die regering dalk in die lewens van blinde persone kan maak, is om die openbare vervoerstelsel aan die gang te kry. As blinde persone meer vryelik kan beweeg, kan hulle gewone betrekings beklee en 'n bydrae tot die gemeenskap lewer."



Motorbestuur? Sowaar, ja. Mnr Hendrik Steyn, 'n blinde alumnus van die Vaaldriehoek-kampus, verduidelik dat iemand darem langs hom sit en beduie wanneer hy bietjie links of regs moet draai en soms die stuurwiel help vashou.



Hendrik en programorganiseerder, me Marion Schmitt geniet die sneeu tydens 'n besoek aan Duitsland in 2007. Hendrik het die NWU as deel van die Tübingen/Suid-Afrika-kultuurprogram verteenwoordig.

Nuwe rektore trap reeds

DIE NWU SE twee nuwe rektore trap reeds duidelike, ferm spore op hul onderskeie kampusse.

Prof Thanyani Mariba is op 5 Februarie 2010 as die nuwe Rektor op die Vaaldriehoekkampus ingehuldig en prof Herman van Schalkwyk op 23 Maart 2010 as die nuwe Rektor op die Potchefstroomkampus.

Vir prof Thanyani – die eerste swart rektor van die Vaaldriehoekkampus – is dit baie belangrik om op die voorpunt van verandering te wees en te streef na groei en ontwikkeling. Vir prof Herman is uitnemendheid en kwaliteit weer baie belangrik.

Argitek vir verandering

Prof Thanyani beskou beskou homself as 'n 'argitek vir verandering'. Hy sê 'n mens moet daadwerklike aksie

neem en pro-aktief op die eise van verandering reageer.

Groei lê vir prof Thanyani net so na aan die hart. Hy wil graag sien dat die getal kwalifikasies in veral vakke soos Wetenskap, Ingenieurswese, Tegnologie, Kommunikasie en Inligtingstechnologie noemenswaardig toeneem op die Vaaldriehoekkampus.

“Ons het ook programme van stapel gestuur om ons eie hout te groei,” sê hy.

Met dié programme sal die Vaaldriehoekkampus byvoorbeeld finalejaarstudente identifiseer om teen minimale vergoeding as 'tutors' vir ander studente op te tree. Honeurs- en meesterstudente sal ook as junior lektore aangestel word, om hulle so aan te moedig om by die Universiteit te bly.

Goed, beter, beste

Volgens prof Herman moet 'n mens nie net na 'goed' streef nie, maar na grootsheid. “Wanneer ons selfvoldaan begin raak omdat mense sê ons is goed, verloor ons die geleentheid om beter of die beste te wees,” sê hy.

Kwaliteit en uitnemendheid is ook vir hom 'n prioriteit. “Kwaliteit behoort die botoon te voer in die visie van die Universiteit. Meganismes moet ook ontwikkel word om die kwaliteit van navorsingsuitsette uit te brei.”

Daarby glo hy dat personeel vir hulself persoonlike doelwitte moet stel wat uitnemendheid as stempel dra.

'n Blink toekoms

Albei rektore het groot drome vir



Tydens prof Thanyani Mariba (links) se inhuldiging as Rektor van die Vaaldriehoekkampus het hy onder meer groei en ontwikkeling uitgesonder as dit wat daadwerklik aandag moet geniet. By hom is prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur (middel) en Kgosi Leruo Molotegi, Kanselier.

DUIDELIKE spore

hul kampusse. Fisiese uitbreiding in terme van koshuise en nuwe akademiese fasiliteite is byvoorbeeld een van prof Thanyani se drome vir die Vaaldriehoekskampus. Hy glo dit sal baie bydra tot die Kampus se strategiese posisionering.

Sy vyfjaarvisie vir die Kampus is om die studentegetalle te verdubbel en die akademiese omgewing tot vyf fakulteite uit te brei.

Op sy beurt wil prof Herman graag sien dat die Potchefstroomkampus sy plek inneem tussen wêreldklas-universiteite.

“Ons moet daartoe streef om die Universiteit se langtermynverbinde tisse uit te brei.

Dit sal help om die NWU nasionaal en internasionaal te posisioneer as ‘n uitnemende en innoverende

universiteit wat bydra tot die wêreld se welvaart en veral tot die oplossing van probleme in Afrika,” sê hy.

‘n Spoggerige verlede

Prof Thanyani was destyds die eerste swart kardioloog in Suid-Afrika en is as sodanig in 1987 by die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad geregistreer.

Net voordat hy Rektor van die Vaaldriehoekskampus geword het, was hy die Dekaan van die Mediese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria.

Prof Herman was ook ‘n Dekaan net voor hy Rektor van die Potchefstroomkampus geword het en wel die Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat.

Landbou in hul bloed

Nog iets wat die twee rektore in gemeen het, is hulle liefde vir die landbou.

Prof Herman is ‘n landbou-ekonomiese van formaat en het sy doktorsgraad in Landbou-ekonomie in 1995 aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Hoewel prof Thanyani ‘n medikus is en nie ‘n landboukundige nie, vloei die liefde vir die grond ook sterk in sy are.

Wanneer hy nie agter sy lessenaar of in die raadsaal op die Vaaldriehoekskampus is nie, geniet hy dit om te boer.

Hy spog dan ook met ‘n gesonde Nguni- en Bonsmara-beestrop en ‘n trop boerbokke op sy plaas, Truida Farm in Limpopo.



Prof Herman van Schalkwyk, nuwe Rektor van die Potchefstroomkampus, (tweede van links) het tydens sy inhuldiging laat blyk dat goed nog lank nie so goed soos uitnemend is nie. By hom is van links prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur, dr Theuns Eloff, Visekanselier, en Kgosi Leruo Moletlegi, Kanselier.

Alumnus woon en werk nou naby Dubai se duine



Die appel val nie ver van die boom af nie: Mnr Danie Vorster (tweede van links) is 'n oudstudent van die Potchefstroomkampus, nes sy pa, Pieter (heel regs). Danie se verloofde, me Nadia Engelbrecht (heel links) is ook 'n alumna. Me Carlene Vorster (tweede van regs) is 'n oud-Kovsie.

MNR PIETER VORSTER hou deesdae braaiwreke tussen die duine rondom Dubai, maar hy het nog lank nie sy wortels vergeet nie. Hy onthou nog van russians en chips by Johnnies in die ou Von Wiellighstraat, van Interfakultêre Wysbegeerte en die langbroekverbod vir vrouestudente.

Aan die einde van 1980, toe Pieter sy BCom (Bedryfsielkunde)-graad aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwerf het, kon hy nooit raai dat hy dekades later as Menshulpbrondebestuurder by die Kanoo-maatskappy in Dubai sou werk nie.

Pieter en sy vrou, Carlene, is reeds sewe jaar in Dubai, waar sy universiteitsstudies baie handig in sy beroep te pas kom.

“Arbeidswetgewing hier is ver agter wat internasionale standaarde betref. Die Verenigde Arabiese Emirate (VAE)

se Arbeidswet is in 1981 laas hersien, en die regte van werknemers ly daaronder,” sê hy.

Daar is heelwat westerlinge wat as menshulpbrondebestuurders in die VAE werk en volgens Pieter help dit om stadig maar seker werkgewers se houding teenoor hul werknemers te verander.

“My vakkennis en ondervinding beteken baie in hierdie multikulturele omgewing. In Dubai werk daar byvoorbeeld mense van ongeveer 140 verskillende nasionaliteite en in die maatskappy waar ek werk is daar 40 verskillende groepe. Elke groep het sy eie kultuur en as 'n mens nie hulle verskillende waardes en behoeftes verstaan nie, kan dit 'n probleem wees.”

Die Arabiere is baie vriendelik en hou van die werksetiek en beleefdheid van Suid-Afrikaners. Maar om in

die Midde Ooste te bly en te werk, is nie vir sissies nie, sê Pieter.

Vir baie mense is die hitte en sandstorms, die verskillende kulture, die gejaagdheid en lang werksure, die verkeer en boonop die tekort aan werksekeriteit eenvoudig te erg.

“Die idee van baie geld maak in 'n belastingvrye omgewing werk nie vir almal nie. Dit verg baie selfdisipline in 'n omgewing waar dit juis baie maklik is om geld uit te gee.”

Hy sê dit is hartseer om te sien dat soveel Suid-Afrikaners met groot verwagtinge in Dubai kom werk en op die ou end met minder geld daar weggaan as waarmee hulle gekom het.

Ten spyte van die uitdagings in Dubai, bekoor die stad en sy mense hom nogtans.

“Omdat Dubai so ryk is, het hulle ongelooflik baie projekte aangepak

wat 'n mens laat wonder waar hulle al die idees vandaan kry. Hoewel baie van die projekte opgeskort is as gevolg van die resessie, is die metro-treinstelsel, die hotelle, die palm-eilande, en die Burj Khalifa-gebou wat die hoogste in die wêreld is, steeds ongelooflik."

Pieter het darem ook al 'n paar mede-alumni in Dubai raakgeloop.

Onlangs, toe 'n vriend en mede-oudstudent, mnr De Wet Du Plessis, in Dubai verhuis het, het hy op die boek, 'Roeping en Werklikheid' afgekom.

"Ek weet nie of die studente vandag nog die vak Interfakultêre Wysbegeerte het nie, maar vir ons – wat destyds gedink het die vak is 'n onnodige las – het dit 'n breër perspektief gegee oor baie onderwerpe wat vandag nog ter sake is."

Toe Pieter die vorige uitgawe van die NWU se Alumni-tydskrif in Dubai ontvang het, het dit ook baie herinneringe aan sy studentedae ontlok.

Omdat hy buitemuurs studeer het, het hy in Klerksdorp gewerk en vier aande per week Potchefstroom toe gery vir klas. "Veral in die winter was dit maar erg. Ons het altyd vir ons russians en chips by Johnnies gaan koop. Johnnies se plek was by die brug oor die spoor in die straat wat na die Ventersdorppad gelei het," vertel hy. Hy onthou ook die dag toe hy sy graad gekry het.

"Ek het vreeslik belangrik gevoel, totdat ek tydens die gradeplegtigheid gesien het dat daar 500 ander studente is wat presies dieselfde graad gekry het. Dit het my vinnig terug aarde toe gebring ... Tog besef ek vandag 'n kwalifikasie gee jou selfvertroue en selfvertroue motiveer jou om jou doelwitte te bereik."

Ná sy voorgraadse studies het Pieter ook 'n Meestersgraad in Bedryfsleiding (MBL) aan Unisa se Bestuurskool verwerf.

Dubai is darem nie nét 'n werkplek nie. Vir ontspanning jaag die Vorsters

graag met vierwiel-voertuie in die woestyn rond. So 'n uitstappie word gewoonlik met braaivleis tussen die duine afgesluit. Dan herinner die atmosfeer aan die sonsondergang langs die Tsitsikamma-kus.

"Natuurlik is dit nie dieselfde nie, maar ons verbeel ons maar..." gee Pieter toe.

Ja, die verlange loop sterk. Veral na reën. "Dit reën so een keer per jaar en as dit so 20mm gereën het, kom die hele stad tot stilstand," vertel hy.

Die Vosters verlang ook na hul vriende en familie, maar gelukkig kan hulle so twee keer per jaar in Suid-Afrika kom kuier. Tussendeur kom die kinders darem ook gereeld by hulle in Dubai kuier.

Die Vorsters se dogter, Chantelle (nou Gerber), hulle seun, Danie en sy verloofde, Nadia Engelbrecht, het almal by die voormalige PU vir CHO studeer. Ouboot Pieter het by die SA Lugmag gekwalifiseer en vroulied Carlene is 'n oud-Kovsie.

Mnr Pieter Vorster is lid van die NWU-Konvokasie. Alle oudstudente is alumni, maar nie alle alumni is outomaties lede van die Konvokasie nie. Alumni doen aansoek om lid te word van die Konvokasie. Hulle betaal eenmalig 'n R50-aansluitingsfooi en is daarna lewenslang lede van die Konvokasie en word op die *Konvokasierol* geplaas.

Lede van die Konvokasie kan mede-konvokasielede nomineer as verteenwoordigers van die alumni op die Raad van die Universiteit. Uit die Konvokasiegelede is daar vier verteenwoordigers op die Raad.

Die Konvokasie moedig ook samewerking aan tussen alumni en die Universiteit en bou aan 'n wedersydse verhouding.

Om aan te sluit of vir meer inligting, kontak me Izette Schouwstra by Izette.Schouwstra@nwu.ac.za of telefonies by (018) 299 4968.



Die Afrikaanse kerk in Dubai hou 'n mannekamp in die hoogste duine in die Verenigde Arabiese Emirate. Die Vorsters hou daarvan om met vierwielvoertuie in die duine rond te jaag en teen sonsonder daar vleis te braai.



Die Vorster-egpaar, Pieter en Carlene, voor die hoogste gebou in die wêreld, die Burj Khalifa-gebou in Dubai.

Vanwaar TARENTAAL?



Dié geheimsinnige figuur is die huidige President van Tarentaal

ELKE JAAR met die intrapslag ontmoet eerstejaars aan die Potchefstroomkampus van die NWU die President van Tarentaal en sy Kabinet.

Dié geheimsinnige figuur is die leier van die fiktiewe Republiek van Tarentaal wat in die harte en verbeelding van alumni bestaan - 'n oeroue, kleurrike tradisie wat deur menige onthou sal word.

Die Republiek van Tarentaal is gebore in die dae toe fietse nog die modernste vervoermiddel op die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) was en die huidige President van Tarentaal en sy Kabinet se eierdoppe nog dun was.

Eers was Tarentaal net 'n munisipale gebied met 'n burgemeester en raad, maar op 18 Augustus 1972 het Tarentaal 'n volwaardige Republiek geword.

Meer as 30 jaar en vele broeikas-episodes later, het ons die huidige president in 'n donker kamer onder-
vra, waar sy identiteit 'n geheim kon bly.

President van Tarentaal, vertel ons bietjie van jou 2010-Kabinet?

My mankolkiege kabinet, nuutverko-
se soos vir hierdie jaar van rondbol-
sports, bestaan uit die volgende:

- Ⓛ Die eerste minister belas met eksamens, maagsere en naelbyt, sy edele Ben "Bioplus" Botha.
- Ⓛ Die minister belas met Tassenberg, Olaf Bergh, berge in die algemeen, heuwels, knewels en ander knoppe, brandewyn, bier, 'brake fluid' en ander driedubbele doppe, sy edele, Repsol "Maak-my-glas-vol" Redelinghuys.
- Ⓛ Die minister belas met stomende passie en "ek-weet-nie-wie-sy-was-sie", sy edele Koos "Kortasem" Kriel.
- Ⓛ Die minister belas met binnelandse sake, buitelandse sake, skurkeraad-sake, eerstejaarsake, sy edele Sarel "Saakgelastigde" Steenkamp.

d!Die alomteenwoordige minister van kamoeflering, stakings en boikotte: Sy edele agent....J....A....N....JAN.

d Die minister belas met sosiale verwerping, kuberruim-kwalifisering, webgebaseerde uitering en persoonlike-interaksie-vermyding, sy edele "Facebook" Visagie.

Van die erelede van die Republiek is oudpresidente FW de Klerk en Nelson Mandela.

Wat is u visie vir die Republiek van Tarentaal?

Ons geliefde Republiek van Tarentaal, as outonome, demokratiese en oppergesaghebbende Republiek moet volhou om binne die sferes van die NWU en die studentemassas 'n daadwerklike invloed uit te oefen, en ook kritiese kommentaar te lewer op die sake van die dag.

Deur intensiewe bestudering van en konfererering oor besluite wat op kwasi-bekwame vlakke geneem word - en daadwerklike, verrykende gevolge binne die studentegemeenskap het, moet die Republiek van Tarentaal se stem weer luidkeels hoorbaar gemaak word.

Watter rol speel die Republiek van Tarentaal by die NWU?

Binne die bestek van die relatief jong instellinkie, is die Republiek van Tarentaal, soos in die verlede, altyd bereid om deur buitelandse betrekkinge en ingryping in groot ongeorganiseerde groepe ons hulp aan te bied.

Die Kabinet verteenwoordig ook die BBBPs (Baie Belangrike en Bekende Patriotte) en ander oud-burgers van die Republiek.

DIT IS DIE PRESIDENT SE GUNSTELINGE:

Kos: Lig-gesoteerde studente van ander universiteite

Drankie: Tarentaalsopie – Gespikkel met baie sk(r)op

Boek: 30 maniere om 'n tarentaal te pluk (suiwer fiksie natuurlik!)

Musiek: The Birds (die bënd)

Flielik: The Birds (die moewie)

Dier: Numida meleagris (die Tarentaal natuurlik!)

Aktiwiteit: Broeikasbedrywighede

Lewensfilosofie: "Hoe vinniger jy agter raak, hoe meer tyd het jy om in te haal".



Oudpresident Nelson Mandela het tydens sy presidentskap die voormalige PU vir CHO besoek. Die vorige President van Tarentaal, vergesel van sy destydse kabinet, het tydens mnr Mandela se besoek 'n opgestopte tarentaal aan hom oorhandig. So het mnr Mandela dan ook 'n geveerde ereburger van die Republiek van Tarentaal geword.

Geveerde volk skrop nes

'N RYTJIE GANSE wat oor 'n voetgang waggel mag vir 'n buitestaander vreemd voorkom, maar vir die personeel en studente van die Vaaldriehoekampus is hierdie wetsgehoorsame geveerde volk 'n alledaagse gesig.

Dié platpotiges kom al van prof Dewey de Wet se dae af toe hy Vise-rektor was, en tans is daar ongeveer 40 ganse en drie mallard-eende.

Me Marinda Bosman, sekretaresse van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Kampus is die amptelike gansemoeder. "Hulle is almal my kinders en my dag is nie gemaak voordat ek nie vir hulle kos gegee het nie. En ja, ek praat met hulle en hulle praat terug," sê sy.

Volgens haar is die spulletjie bedelaars by uitstek. Prof Johann Tempelhoff, 'n professor in Geskiedenis in die Skool vir Tale is eendag só voor die kafeteria vasgekeer dat hy uit noodweer sy toebroodjies aan hulle moes oorhandig!

Hulle is altyd honger en vreeslik lekkerbekkig. Gans se kind duld nie hondekoekies, ontbytkos of saadbrood nie, maar mieliepitte is een van hul gunsteling-versnapperings.

Alhoewel die ganse soms intimiderend en snobisties is en baie seer kan byt, is almal dit eens dat hulle uitstekende ouers is. Hulle is vreeslik

beskermend teenoor hulle kroos. Dit het Susan Wolff van die Departement Inligtingstegnologie op die harde manier uitgevind.

Sy is summier op die kop gepik deur 'n verontwaardige moedergans toe sy dié se kroos oor 'n hoë randsteen wou help!

Die twee oudstes onder die klomp ganse was Jack en Jill, en volgens Marinda het hulle 'n unieke taal met mekaar gepraat wat nie by die ander ganse gehoor is nie.



Ongelukkig het Jack verlede jaar verdwyn en is Jill 'n rukkie gelede dood. Een van die werkers het haar by die Kafeteria neergesit en dit was komplete of al die ganse van haar kom afskeid neem het.

Die gansvolk bekoor egter nie net die personeel en studente nie, maar selfs 'n besoeker het eendag sy eie toebroodjies vir die ganse gevoer.

Daar is ook natuurlik opportuniste - toe een besoeker eendag blinkoog vra of hy een van die ganse kan kry, het Marinda vinnig verduidelik dat dié ganse kort na geboorte met skyfies gemerk word, en dat 'n vreeslike sirene sal afgaan sodra een van hierdie ganse by die ingang uitbeweeg!

Hoe dit ook al sy, dié geveerde volk is daar om te bly en hulle sal vir seker nog baie (plat) spore in die harte van die Vaaldriehoek-mense trap!





Interkampus Sosiale Dag gee eenheid 'n hupstoot



Die NWU se personeel het hulle ondersteunersgees getoon toe sokkerkoors hierdie jaar se Interkampus Sosiale Dag, wat in Maart by die Mafikengkampus gehou is, getref het.

TER ONDERSTEUNING van die 2010 Sokker Wêreldbeker was die tema van die Sosiale Dag op die Mafikengkampus "Sokkermania" en personeellede is gevra om soos sokkerondersteuners aan te trek.

Dié aantrekkery het dit moeilik gemaak om personeel volgens kampusse te identifiseer en het sodoende integrasie bevorder.

Verskeie nuwighede is bygevoeg, insluitend opblaas-hindernisbane, sokker en 'n waterglybaan.

'n Boomplantseremonie, wat deel was van die Mafikengkampus se 30ste verjaardagviering, is ook gehou.

Dertig bome is geplant – een vir elke jaar van die Mafikengkampus se bestaan.

Die geleentheid het ook die eerste akademiese gesprekke vir akademics ingelui.

'n Kort geskiedenis

Die eerste Sosiale Dag het in November 2007 plaasgevind. Dit is aanvanklik as 'n jaarlikse geleentheid beoog, maar in 2008 het die Institusionele Bestuur besluit dat dit twee keer per jaar gehou moet word.

Sosiale dae word sedertdien gebruik as instrumente om interaksie deur diversiteit te bevorder. Die hoofdoel daarvan is om personeel aan te moedig om met mekaar te sosialiseer, asook om eenheid binne die NWU te bewerkstellig.

Besigheidseenhede het aanvanklik vir T-hemde in hulle onderskeie kampuskleure gesorg, terwyl die aktiwiteite die personeel van die onderskeie kampusse laat meng het.

Aktiwiteite het prettige speletjies soos 'n kruiwaresies, eier-en-lepelresies, vlugbal en toutrek ingesluit. Sedert 2009 het personeellede versoek

dat meer formele sportsoorte soos sokker en netbal ook ingesluit word.

'n Paar vinnige feite

Werknemerwelstand is vir die beplanning van elke Sosiale Dag verantwoordelik. Vraelyste word gebruik om elke geleentheid te evalueer, wat uitloop op 'n opname waaruit die span voorstelle kry oor hoe om die geleentheid te verbeter. 'n Totaal van 402 personeellede het vanjaar die Sosiale Dag bygewoon.

Die personeel het oor die algemeen aangedui dat hulle die geleentheid geniet het.

Die kameraderie, eenheid, atmosfeer, samehorigheid, interaksie en deelname is as die belangrikste sterk punte van die Sosiale Dag aangedui.

Dié opname wys dat die doelwit van die geleentheid – naamlik eenheid – wel bereik is.

Totius verhuis na die Potchefstroomkampus

DIE TOTIUS-BEELD wat sedert 1977 in die Totius-gedenktuin by die Wasgoedspruit in Potchefstroom gestaan het, is onlangs herstel tot sy volle koperglorie en na die Potchefstroomkampus verskuif.

Totius het nou "’n kamer met ’n uitsig" oor die Kampus, en is gedurende die Potchefstroomkampus se 140-jarige bestaansjaarvieringe onthul.

Die nuwe staanplek op die Kampus is skuins voor die bekende hoofgebou en ’n hanetree vanaf die Totius-gedenksaal.

Dié verskuiwing is deel van die Kampus se inisiatief om die groot skrywers en digters van Noordwes op ’n baie spesiale manier te vereer. Ander bekende skrywers wat binnekort in die tuin sal neskrop sluit Sol Plaatje en Herman Charles Bosman in.

Die Totius-beeld is in brons gegiet maar is ’n vaal kleur geverf.

Vandale het onder meer sy bril beskadig, maar dit is herstel.

Jo Roos, die beeldhouer wat die Totius-beeld destyds gemaak het, is verantwoordelik vir die opknapping en herstel van die beeld.

Die werk aan Sol Plaatje se beeld is reeds afgehandel en hy sal waarskynlik voor die einde van hierdie jaar ook ’n spesiale staanplek in die skrywers-tuin kry. Jo Roos is ook die beeldhouer hiervan. Totius het ’n belangrike rol in die geskiedenis van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) gespeel - veral in die geskiedenis van die Universiteit se Teologiese Skool waar hy student en Rektor was.

Totius was ’n gevierde digter, Bybelvertaler en Psalmdigter en ook die Universiteit se eerste Kanselier.

Die Totius-beeld is die eerste intrekker in die Potchefstroomkampus se skrywerstuin.





Karre uit die jaar toet **PRONK** langs die Vaal

DIS 'N UITSTALLING van ou voertuie, implemente en enjins. Dit is ook 'n kermis en 'n makietie ineengevleg soos 'n koeksister. Maar bowenal is die Wiele by die Vaal 'n dag van 'onthou-jy-nog'.

Hoewel die Vaal Ou Wiele-klub reeds sedert 2001 jaarliks 'n uitstalling het, het hulle dit in September 2005 vir die eerste keer op die NWU se Vaaldriehoek-kampus gehou. Sedertdien trek besoekers en uitstallers jaarliks van so ver as Worcester, Clanwilliam, Vryheid en Polokwane saam op die oewer van die Vaalrivier om met hul pronkstukke te spog.

"Ons kan met trots sê dis die tweede grootste voertuig-uitstalling in die land. Om die waarheid te sê, dit het van 'n motorskou gegroei tot die grootste lewende kultuur-uitstalling in Suid-Afrika," sê mnr Mauritz Meyer van die Bemaking en Kommunikasie Departement op die Vaaldriehoek-kampus.

Vir vanjaar se geleentheid op 4 en 5 September val die klem op voertuie met kopligte. "Nie net motors nie, maar alles wat wiele het, word verwelkom," nooi Mauritz.

Daar gaan ook vanjaar 'n plaaswerf wees waar besoekers sal kan sien hoe 'n mens room afskei, koffiebone brand, velle brei, rieme sny, swepe vleg, donsvere pluk, brood in 'n buiteoond bak, skape skeer, en kerse en wynvaatjies maak.

Daar gaan ook 'n landbou- en buitelewe-uitstalling wees, asook

'n uitstalling van stadiese enjins. Dié uitstalling is so besonders dat dit in 2007 gekwalifiseer het om in die Guinness Book of Records opgeneem te word vir die meeste stadiese enjins wat gelyktydig vir 'n vasgestelde tyd geloop het.

Die Suid-Afrikaners het sommer lag-lag aan die reëls – dat die enjins in werkende toestand moes wees en vir vyf minute aanmekaar moes loop – voldoen. Trouens: 'n totaal van 205 enjins het vir dié tydperk ononderbroke geloop.

Stadiese enjins dateer terug na die vroeë 1900's en is aanvanklik deur boere gebruik om onder meer water te pomp en krag op te wek, asook later in fabriek as deel van die vervaardigingsproses. Een van die meer bekende handelsname vir stadiese enjins, Lister, het aan die begin van die vorige eeu in Vereeniging enjins gebou.

Vir meer inligting oor die Wiele by die Vaal-geleentheid, skakel gerus vir Mauritz by (016) 910 3251 of 083 513 6632.





Die **NWU** se unieke karakter bestaan uit **uiteenlopende** en **innoverende** dimensies wat oor **al** ons aktiwiteite en bedrywighede heen strek.



www.nwu.ac.za